MY HERKOMS

"Om nooit te weet wat vóór jou geboorte gebeur het nie, is soos om vir ewig 'n kind te bly. Wat is die waarde van 'n mens se lewe, as dit nie verweef is met die lewe van ons voorvaders deur die rekords van die geskiedenis nie ?"
Cicero, Romeinse staatsman.

As 'n mens jonk is aanvaar jy dinge soos dit is. Jou lewenservarings en verwysingsraamwerk is kort en jy dink dinge was altyd so en sal ook altyd so bly. Namate jy ouer word begin jy sien hoe dinge verander en begin selfs teëskop daarteen. Jy het ook meer om aan terug te dink en begin belangstel in waar jy vandaan kom en wie voor jou hier was.

Hier is 'n kort opsomming van die familie geskiedenis in Suid Afrika van die De Wet en Inggs families waaruit my pa en ma onderskeidelik afstam.

MY DE WET STAMBOOM:

Die De Wet stamvader in Suid Afrika was Jacobus, gebore in Amsterdam op 23/05/1673. Sy vader was Jacob of Jacobus de Wet De Jonge (1640 – 1697), 'n skilder van Amsterdam. Hy was getroud met Helena Stalmans. Hulle het eers in Amsterdam gewoon maar trek later na Haarlem. Hulle het drie seuns gehad, naamlik Wilhelmus, Theodere en Jacobus (1973).

Jacobus tree op 19 jarige ouderdom as 'n kadet (adelbors) in diens van die H.O.I.K. Nie lank daarna vertrek hy op die skip "Nichteveg" uit Nederland na Batavia in die Ooste. Op 16/08/1693 kom hy in Tafelbaai aan. Omdat hy onderweg was na Batavia moes hy aan boord van sy skip bly. Simon van der Stel, Kommandeur van die Kaap, versoek hom egter om aan wal te kom en aan die Kaap aan te bly en nie na Batavia te gaan nie. Dit blyk dat Simon van der Stel in 1639 twee skilderye van Jacobus se oupa, Jacob Willemsz de Wet, ook 'n skilder van Haarlem, gekoop het en bekend was met Jacobus se familie.

Jacobus word op 20 jarige ouderdom as tydelike klerk in diens van die H.O.I.K. aangestel. Dit word beweer dat hy in guns was by Kommandeur Van der Stel. Drie jaar later word hy in 1696 bevorder tot sekretaris van die Hof van Kleine Sake. In 1701 word hy as boekhouer en keldermeester bevorder. Alhoewel in diens van die H.O.I.K. ontvang hy 'n plaas van 60 morge van Simon van der Stel in 1704. Hy kry verlof om met vee te boer met behulp van "leenknegte". Op 31 Augustus 1708 het hy egter op sy versoek 'n Vryburger geword en aan die Liesbeekrivier gaan woon, nadat die Vryburgers in opstand teen die Kommandeur en sy gunstelinge, waarvan Jacobus een was, gekom het.

Jacobus de Wet (a1) *

* **Familie De Wet - 300 Jaar, H.C. (Henk) de Wet, 2001**
Die Suid Afrikaanse Genealogiese nommering en eiesoortige stelsel behels dat die stamvader (d.w.s. die eerste manlike persoon wat in Suid Afrika aangekom het en waaruit al sy van genote afstam met (a1) aangedui word. Sy eerste kind word (a1,b1) en sy tweede kind (a1,b2) genommer. Genoemde (a1,b1) en (a1,b2) se eerste kinders word aangedui as (a1,b1,c1) en (a1,b2,c1). Die derde kinders sal dan onderskeidelik (a1,b1,c3) en (a1,b2,c3) wees, ensovoorts.

Na sy aankoms aan die Kaap het Jacobus de Wet bevriend geraak met Josina Pretorius en haar gereeld besoek. Nadat sy egter swanger geraak het, het hy sy verhouding met haar verbreek tot groot verbittering van haar ma (Johanna Victor Pretorius), bekend vir haar bitsigheid. Sy het beskuldigings gemaak dat Jacobus 'n onegte "speelkind" van Simon van der Stel en 'n Schildersvrouw van Amsterdam was, verwysend na Jacobus se ma. Sy is gedagvaar vir laster. Sy kon dit nie bewys nie en kon net sê dat Simon van der Stel en Jacobus baie eenders lyk. Haar aantygings was egter ongegrond en sy is skuldig bevind en met 500 gulden beboet.

Josina se kind, wat sy ook Jacobus genoem het, word op 2 September 1696 in die Kaapse Kerk gedoop as Jacobus met die vader as onbekend aangegee. Hierdie seun word mettertyd as Jacobus de Wet (**a1,b1**) bekend. Die meerderheid De Wets in Suid Afrika, ongeveer 95%, stam van hom af.

Jacobus (**a1**) het in 1698 met Christina Bergh getrou. Sy was die oudste dogter van sersant Oloff Bergh, bevelvoerder van die Garnisoen aan die Kaap, en Anna de Koning. Hulle het vyf kinders gehad, twee seuns en drie dogters. Die ander 5% De Wets stam van hulle jongste seun Johannes Carolus de Wet af.

Jacobus de Wet (a1,b1), was die eerste boer in Suid Afrika met die van De Wet. Hy het gewoon in die distrik Drakenstein. Hy het later 'n leningsplaas aan die Doornrivier, in die distrik Worcester, gehuur. Die huur is van tyd tot tyd verleng en het vir geslagte in besit van sy nasate gebly. Hy het getrou met Helena de Qlercq. By haar het hy vyf kinders gehad. Twee seuns, Jacobus de Wet (a1,b1,c1) en Petrus (Pieter) de Wet (a1,b1,c2) en drie dogters.

Petrus (Pieter) de Wet (a1,b1,c2) is gebore in 1726 en het in 1756 in "de Brand Valley tusshen de Breede Rivier en de Hogere Radyn" gaan woon, later bekend as Brandvlei en waarop die Brandvleidam en Brandvlei Gevangenis vandag geleë is. Hy het getrou met Magdelana Fenesië Maré. Sewe van hulle kinders het groot geword. Drie dogters en vier seuns, naamlik Jacobus, Pieter, **Johannes Marthinus**, en Hendrik Christoffel, (van wie die Boontjieskraal se De Wets afstam)**.**

Johannes Marthinus de Wet (a1,b1,c2,d8) is gebore in 1757 op Brandvlei, Worcester en het op Doornrivier, (in die distrik Worcester), gewoon, maar ook ander plase gehad. Hy het getrou met Catherina Helena Opperman van Boontjieskraal. Hulle het 17 kinders gehad waarvan net sewe grootgeword het, onder andere ses seuns, naamlik Johannes Marthinus, Godlieb Christiaan, Pieter Jacobus, Jacobus Ignatius, (Generaal Christiaan de Wet se pa), Hendrik Christoffel en **Daniël Rudolph**.

Daniël Rudolph de Wet (a1,b1,c2,d8,e7) is gebore op Worcester in 1798. By sy afsterwe in 1875 het hy by Wepener/Rouxville geboer. Hy het getrou met Magdelena Catherina de Kock en hulle het sewe

kinders gehad. Vier dogters en drie seuns, naamlik Servaas Daniël, Marthinus Johannes en **Daniël Rudolph**.

Daniël Rudolph de Wet (a1,b1,c2,d8,e7,f7), my oupagrootjie, is gebore in 1843 in Aliwal Noord. Hy het getrou met Hester Jacoba Johanna du Plessis en hulle het elf kinders gehad, waarvan my oupa die sesde kind, **Charl Johannes**, vernoem na sy oupa Du Plessis, was. My oupa was ook bekend as Sarel, soos sý oupa Du Plessis aan moederskant, wie gewoon het op Petrusville waar hy en sy vrou ook oorlede is. Ons aanvaar nou uit die feite en ook fotos van hulle grafsteen, dat Hester Jacoba Johanna du Plessis, Alfreda du Plessis, wat saam met Johanna in Karl Bremer Hospitaal verpleeg het en met my Wilgenhof vriend, Eddie Schutte getroud is, se oumagrootjie en my oupagrootjie getroud was. Dit was vir my iets besonders toe ek dit ontdek het ! Eddie en Alfreda het mekaar op 28 Desember 1972 op my en Johanna se troue ontmoet.

Charl Johannes de Wet (a1,b1,c2,d8,e7,f7,g6), **my oupa**, is gebore op Philipstown op 5 November 1878. (Guy Fawkes dag). Hy het deelgeneem aan die Anglo Boere Oorlog, is later gevange geneem en was ‘n krygsgevangene op Ceylon, (tans Sri Lanka), waar hy onderwys aan mede jong krygsgevangenes gegee het. Hy het na die oorlog getrou met my ouma Martha Cornelia Maria Venter, wat tragies in 1940 verongeluk het in ‘n brand na ‘n Primusstoof aan die brand geraak het. Vyf seuns is uit die huwelik gebore, waarvan die eerste twee as babas oorlede is. Daarna is my pa, **Daniël Rudolph** gebore, asook my twee ooms, Johann Louis Venter en Charles.

My oom Johann Louis Venter de Wet, bekend as Jannie, is as ‘n Majoor in die SA Lugmag tydens diens in Koefrah in die Sahara woestyn in Noord Afrika, tydens die Tweede Wêreld Oorlog, op 24 jarige ouderdom op 04/05/1942 oorlede. Oom Charles de Wet is op 42 jarige ouderdom op 21/10/1963 tydens ‘n skietongeluk op Doornbult, Delareyville, oorlede.

My oupa is op 12 Mei 1965 op Wolmaransstad in die ouderdom van 86 jaar oorlede en begrawe op Delareyville.

Ek by my oupa Charl Johannes en ouma Martha Cornelia Maria (nee Venter) de Wet se grafte links en my oom Charles de Wet regs in die Delareyville begraafplaas.

My oupa het jare lank op Doornbult in die Delareyville distrik onderwys gegee en op Doornbult geboer. Later het hy as geswore Waardeerder vir die Landbank gewerk vanaf sy dorpshuis in die hoofstraat van Delareyville, en later uit sy kantoor in ‘n buitegebou op sy vriend Piet van Vuuren se erf, waar hy by hom en sy vrou gewoon het na sy vrou oorlede is. (Hy was ‘n tydgenoot van Winston Churchill wat op 30/11/1874 gebore is en op 24/01/1965 oorlede is. Ek dink nie hulle het tydens die oorlog ontmoet nie !).



My oupa toe hy seker so in sy dertigs was

My oupa soos ek hom in die laat vyftigs en vroeë sestigs geken het

Charl Johannes de Wet (a1,b1,c2,d8,e7,f7,g6)

Daniël Rudolph de Wet (a1,b1,c2,d8,e7,f7,g6,h3), my pa, is gebore op 31 Desember 1907 op Doornbult. Hy ontvang skoolonderrig in die laerskool op die plaasskool op Doornbult, daarna aan die Gimnasium Hoërskool, Potchefstroom. Na skool gaan hy na die destydse Transvaal Universiteitskollege (TUK) van Pretoria en ontvang ‘n B.Sc.(SA) in Landbou en daarna studeer hy aan die “Landbouw Hooge School”, Wageningen, Holland, waar hy ’n kwalifikasie gelykstaande as ‘n Meestersgraad in Bosbou, L.I.K.B.(Wageningen), verwerf. 0p 17 Maart 1939 is hy getroud met my ma, Esmé Carey Inggs. Drie seuns word uit die huwelik gebore, naamlik Charl Daniël Rudolph, **Pierre Ernest** en Francois Johann. Hy is oorlede op 1 Augustus 1989 op 81 jarige leeftyd en sy as is gestrooi op sy geliefde Saasveld, waar die voormalige Bosbou kollege, naby George, was.

My pa was 11 jaar ouer as my ma toe hulle getroud is. Hy was die hoof van die huis, maar was baie lief en goed vir my ma. Ons het in ‘n baie stabiele en liefdevolle huis groot geword, alhoewel my pa streng en soms baie outokraties kon wees, soos dit in daardie jare was. Tog het hy altyd vir ons opgekom as iemand ons te na wou kom. Hy het in sy storm en drang jare nie nonsens van iemand gevat nie.

Daniël Rudolph de Wet (a1,b1,c2,d8,e7,f7,g6,h3)

Pierre Ernest de Wet (a1,c1,c2,d8,e7,f7,h3,i2) Gebore op 4 Augustus 1946 op Caledon. Gaan skool in Pretoria aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, doen Nasionale diensplig in die Vloot en studeer in die Geneeskunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy trou met Johanna Jacoba Fredrika Vercuiel en het twee dogters, Carlien en Esmé en een seun, **Johann Pierre Daniël**.

Pierre Ernest de Wet (a1,c1,c2,d8,e7,f7,h3,i2)

Diagram van Pierre de Wet se stamboom

Johann Pierre Daniël de Wet (a1,b1,c2,d8,e7,f7,h3,i2,j3) Gebore op 24 Augustus 1984. Gaan skool aan die Laerskool Eversdal en die Hoërskool Stellenberg, Durbanville. Verwerf B.Com.(Bestuursrekeninge) aan Stellenbosch Universiteit . Gee tans onderwys aan die Hoërskool D.F. Malan in Bellville.

Johann Pierre Daniël de Wet (a1,b1,c2,d8,e7,f7,h3,i2,j3)

MY INGGS STAMBOOM

Die eerste persoon met die van Inggs wat na Suid Afrika toe gekom het en deel is van my voorgeslag, is **Charles Inggs (a1),** gebore op 24 Februarie 1815 in Winchester, Engeland. Hy trou op 17 November 1838 in St Johns Church, Divizes, Wiltshire, Engeland, met ene Lucy, wie se nooiensvan onbekend is aan my. Hulle eerste nege kinders is in Engeland gebore. Charles en Lucy en hulle gesin verlaat Engeland as deel van 'n "Aided immigration (scheme) from Britain to South Africa, 1857 – 1867" en kom aan in Suid Afrika in Julie 1858 met die skip, die *Indian Queen*. Sy ambag was 'n "bricklayer". Hulle tiende kind, **Charles Robert Inggs (a1,b10),** is op 3 April 1859 in Port Elizabeth gebore. Nog 'n seun, George Herbert Inggs, is in 1861 ook in Port Elizabeth gebore. Meeste kinders sterf later in Port Elizabeth, behalwe een in Uitenhage, een in Oos Londen, een in Douglas en die een wat in Engeland op een jaar ouderdom oorlede is. Agt van hulle oorlewende kinders het dus van Engeland saamgekom en hulle saam met hulle ouers in die Oos Kaap gevestig.

Charles Robert Inggs (a1,b10), **(my ma se oupa en my oupagrootjie)**, is op 3 April 1859 in Port Elizabeth gebore. Hy trou met Catherine MacKenzie Will in 1882 in die Trinity Church, Grahamstown. Hulle het agt kinders gehad, meeste seuns. Hulle was Charles Frederick (Uncle Fred, 1884), Myrtle May (Antie Myrtle, 1885), **Ernest Alfred** (my oupa Ernest, 1887, na wie ek vernoem is, maar nooit geken het nie omdat hy vyf jaar voor ek gebore is in 1941 oorlede is), Vincent Robert (Uncle Vince, 1889), Clifford Henry (Uncle Cliff, 1891), Delphine Elfrede, (gebore 1898 en oorlede 1900), Clarence Victor (Uncle Clarence wat op Douglas gebly het, 1898) en Oliver Douglas (Uncle OD, wat op Grahamstad gebly het en 'n begrafnisonderneming gehad het en veteraan motors versamel en gerestoureer het.

Ernest Alfred Inggs (a1,b10,c3), my ma se pa en my oupa, is op 6 Augustus 1887 gebore, vermoedelik op Douglas, waarheen sy pa uit die Oos Kaap verhuis het en ook daar oorlede is. Hy trou met Mildred Alice Carey in 1918. Hulle het twee dogters gehad. **Esmé Carey Inggs**, (my ma) en Lorna Carey Inggs, (my tannie), wat met Lionel Cawood* van Bothaville getroud was. My ma en tannie Lorna is op Bothaville gebore. My ouma Mildred het waarskynlik ook van Bothaville gekom, aangesien haar broer, Uncle Oliver, of Lovler, soos hy bekend was, op Bothaville as prokureur gepraktiseer het. Esmé en Lorna Inggs het op Bothaville grootgeword, waar hulle pa, my oupa, die Posmeester was. Hy is oorlede op 8 Desember 1941 en begrawe in Pretoria, toe my pa en ma al getroud was en in Pretoria gewoon het.

* My oom Lionel Cawood was 'n broer van die bekende aktrise, Elize Cawood, se pa. Ons neefs en niggies aan mý ma se kant is ook haar neefs en niggies aan háár pa se kant !

Vlnr: My oupa Ernest Inggs, ? my ma Esmé Inggs (19), my ouma Mildred Inggs, my ouma Marthie de Wet, Lorna Inggs (12) en my oupa Sarel de Wet. My pa het waarskynlik die foto geneem.

Ek het nie baie inligting oor die Carey's in my familie nie. Ek het nie my ouma Mildred geken omdat sy vier maande voor my geboorte in 1946 oorlede is. Ek kan wel haar broer, Uncle Lovler, wat 'n prokureur op Bothaville was, onthou toe ons by my tannie Lorna en oom Lionel Cawood op Bothaville gaan kuier het. Sy naam was eintlik Oliver, en het homself waarskynlik Lovler genoem. Sy destydse prokureursfirma bestaan vandag nog onder die naam Carey en Botha op Bothaville !



Oliver D Carey
1912 -1956

CAREY & BOTHA

INGELYF/INCORPORATED (Reg. No. 95/11369/21)
(Oorspronklik gestig Januarie 1912/Established January 1912)

DIREKTEURE/DIRECTORS:
DANIËL WILHELMUS STRAUSS
LILIAN RAY BRINK

PROKUREUR / AKTEBESORGER / BEREDDERAAR VAN BOEDELS / TAKSATEUR
ATTORNEY / CONVEYANCER / LIQUIDATOR OF ESTATES / APPRAISER

Den Enkel Gebou
Presidentstraat/street 13
Posbus/ P O Box 7
BOTHAVILLE 9660
Tel: (056) 515-2129,2396
Int.Faks: (056) 515-4360
Faks : 086 601 1350
E-Mail carbot@telkomsa.net

Uncle Lovler het ‘n dogter, “auntie Mickey”, my ma se niggie, gehad wat in Pretoria gebly het en dikwels by my ma kom kuier het. Hulle kon net Engels praat en ons was toe nie so waffers met die Engels nie. Ek onthou ook vir Auntie Ethel, my ouma se suster en my ma se “auntie”, wat met uncle Charlie Hull getroud was en in Schoemanstraat, Pretoria, gewoon het. Uncle Charlie was ‘n Landmeter. Hulle was kinderloos. My ma was soos ‘n dogter vir Uncle Charlie en Auntie Ethel en het mooi na hulle in Pretoria omgesien. Auntie Ethel het vir ons drie seuns getrou elke jaar ‘n koek gebak as ons verjaar het. Nadat auntie Ethel oorlede is het uncle Charlie die huis in Schoemanstraat verkoop en ‘n rukkie in ‘n woonstel in Pretoria aangebly. Met die verkoop van hulle huis het hy ‘n Shakespeare beeldjie, wat ek altyd bewonder het, aan my geskenk, wat ek vir baie jare bewaar het en toe vir my seun Johann gegee het. Uncle Charlie het later by tannie Lorna op Nottingham Road gaan bly, totdat hy oorlede is. Ek onthou ook vir Auntie Winnie, ook ‘n suster van my ouma en tannie van my ma, wat ‘n weduwee was. Haar oorlede man se van was Du Toit. Sy het Commando of Westminster 85 sigarette gerook !

Esmé Carey Inggs (a1,b10,c3,d1), my ma. Gebore op 5 April 1919, in Bothaville. Groei op as Engelssprekende in Bothaville, in die Vrystaat, maar praat goed Afrikaans. Slaag die Junior sertifikaat-Eksamen op Bothaville in 1933 en die Matrikulasie-Eksamen aan Eunice Girls High School in Bloemfontein in 1935. Doen daarna ‘n Sekretariële kursus met Tik en Snelskrif/Shorthand aan ‘n Tegniese Kollege van daardie tyd. Kry ‘n aanstelling in die Departement van Bosbou se kantoor in Knysna. Ontmoet my pa in daardie kantoor. Hulle is op 17 Maart 1939, tydens die Tweede Wêreld Oorlogsjare, in Pretoria getroud, en het ‘n tyd lank in Suidstraat in Pretoria gewoon, voor my pa na Grabouw verplaas is. Sy is getroud 2 weke voor sy 20 jaar oud geword het en my pa 31 jaar oud was. Na ses jaar is hulle oudste kind, Daniël Rudolph Charl op 15 Februarie 1945 op Grabouw gebore. Daarna volg ek, Pierre Ernest, op 4 Augustus 1946 en Francois Johann op 17 November 1947. Hulle het drie seuns binne 33 maande gehad, nadat hulle ses jaar gesukkel het om kinders te kry !

Esmé Carey (Inggs) de Wet op 49 jaar ouderdom

Op 6 Junie 1969 op 50 jarige ouderdom kry sy ‘n beroerte op Saasveld, George, wat haar met ‘n hemiplegie (gedeeltelike verlamming) aan die regterkant gelaat het, asook ‘n motoriese afasie (sy kon nie die regte woorde uitdruk wat sy wou sê nie). Dit was vir haar, wat ‘n aktiewe persoon was, ‘n baie groot frustrasie. In Januarie 1977 word pankreas kanker by haar gediagnoseer en sy is op 9 April 1977, 4 dae na haar 58ste verjaardag oorlede op George. Haar liggaam is veras en haar wens was dat haar as op Saasveld gestrooi word. Weens ‘n kommunikasie fout is haar as egter in Maitland, Kaapstad, in die Tuin van Herinnering gestrooi.

Ek het my ma as baie sagte, vriendelike en liefdevolle mens geken. Soos enige ma seker maar is, was sy die skakel tussen ons en my pa, wat meer patriargaal, outokraties en streng was. My ma was baie gewild onder alle mense van die samelewing, maak nie saak waar hulle vandaan gekom het nie. Van hoëlui en diplomate waarmee sy in aanraking gekom het, tot die winkeliers by die Brooklyn Sirkel en in Drie Ankerbaai in Kaapstad: “Oh, Missus De Wet, you’re back !” het ‘n winkelier uitgeroep toe sy weer inkopies in Seepunt kom doen het !

Sy was ‘n bedrewe naaldwerkster en hoedemaker en het al haar klere en hoede self gemaak, asook vir ander op hulle versoek. Toe ons kleiner was het sy ook al ons broeke en hemde self gemaak. Wanneer klere te klein geraak het is dit afgewentel na een kleiner as jy. As die klere vir ons te klein was het my ma dit in ‘n bruinpapier pakkie met tou opgemaak en gepos na Nottingham Road vir haar suster Lorna se twee seuns, ons nefies Brian en Charles, wat jonger as ons was.

Ek en my ma, veral in my skool- en studentejare, het ‘n goeie en baie vertroulike verhouding met mekaar gehad. Sy was my konfidant en het my baie ondersteun, ook in die tyd toe ek en my vriendin van destyds se verhouding weens logistiese omstandighede tot ‘n einde gekom het. Sy was baie lief vir haar! Ek het haar geselskap baie gemis nadat sy haar beroerte gehad het en ons nie meer op daardie vlak kon kommunikeer nie. Ek was toe maar 23 jaar oud.

Esmé Inggs op 19 in 1938

My ma Esmé (39) en Francois in 1958 in Kaapstad

Pierre Ernest de Wet. My ma se tweede kind en seun. Gebore op 4 Augustus 1946. Om meer van hom te wete te kom, sal jy maar verder moet lees !

Terug na Inhoudsopgawe